



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

## NOVEMBER 2009

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

   | | | |
   |---|---|---|
   | AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
   | AFDELING B: | Opsomming | (10) |
   | AFDELING C: | Taal | (40) |

2. Lees ALLE instruksies aandagtig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin elke afdeling op ’n NUWE bladsy.

5. Trek ’n streep dwarsoor die bladsy na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat ’n reël oop na elke antwoord.

8. Skenk veral aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1: KOERANTARTIKEL

Lees die onderstaande koerantartikel en beantwoord die vrae wat volg.



# Leerders moet kan lees, spel en tel.

1 Die feit dat leerders nie verstaan wat hulle lees nie, nie kan spel nie en nie wiskunde kan doen nie, is ŉ bekommernis vir die Onderwysdepartement. Navorsers het in 2001 Graad 3-leerders getoets. Hulle wou weet hoe goed die leerders kon lees, spel en tel. Die gemiddelde prestasie van die leerders was daardie jaar 30%. In 2007 is 54 000 Graad 3-leerders getoets. Die leerders het gemiddeld 36% vir lees en spel (lees- en spelvaardigheid) en 35% vir tel (syfervaardigheid) gekry.

2 Die leerders se prestasie in 2007 was beter, maar steeds laag. Die navorsing het gewys dat die prestasie van die leerders in lees- en spelvaardigheid van skool tot skool verskil. Hierdie verskille hou verband met die taal waarin die leerders onderrig word. Moedertaal het ŉ invloed op die prestasie van leerders.

3 Hierdie feit word duidelik deur die tabel hieronder geïllustreer.

| **Graad 3-leerders (Ontvang onderrig in moedertaal)** | **Graad 3-leerders (Ontvang nie onderrig in moedertaal nie)** | **% Geletterdheid: Lees en skryf** | **% Syfervaardigheid: Tel** |
|---|---|---|---|
| Alle Graad 3-leerders | | 36% | 35% |
| Engelssprekendes | -- | 43% | 48% |
| Afrikaanssprekendes | -- | 48% | 49% |
| -- | Afrikataalsprekendes | 26% | 24% |

4 Dit is interessant dat van al die Graad 3-leerders wat getoets is, net 5 400 leerders meer as 70% vir die toetse gekry het. Dit verminder die leerders se kanse om op skool goed te vorder. Die probleem soos in die tabel geïllustreer, word deur die volgende faktore veroorsaak:

- Te min onderwysers en te veel leerders in die klasse
- Te min hulp aan leerders wat Afrikatale gebruik
- Te min hulpmiddels in baie van die skole
- Skole wat nie goed bestuur word nie

5 "Die situasie moet verander," het die Onderwysdepartement gesê. "Alle leerders moet kan lees, skryf en tel." Dit is vir die departement verder belangrik dat kleuters wat in 2011 vier jaar oud sal wees, in graad 0 ingeskryf sal word. Onderwysers moet ook meer opleiding ontvang. Graad 12-leerders moet aangemoedig word om onderwysers te word.

Kopiereg voorbehou 

6 Die Onderwysdepartement het in 2008 met die projek "Grondslag vir Leer" begin. Sedert hierdie projek begin het, kry die verbetering van lees, spel en tel tot vandag toe nog baie aandag.

7 Die Ithubu-projek is in 2007 begin. Hierdie projek sorg dat storieboeke vir laerskoolkinders geskryf word. Die boeke moet in die voorheen benadeelde tale geskryf word.

8 Die doel van die projekte is dat geen leerder in Graad 3 minder as 50% vir lees, spel en tel moet behaal nie.

[Verwerk en bygewerk uit: *Die Volksblad,* 1 Oktober 2008]

**WOORDEBOEKGEBRUIK**

**ge•let'ter(d)** b.nw. In staat wees om te lees: *'n Geletterde persoon.* Eng.: literate.

**grond'slag** s.nw. **1** Dit waarop iets berus, steun, gebaseer is; beginsel; fondament: *Die grondslag van die gesin.* Eng.: foundation.

**na'vors** ww. (nagevors) **1** Noukeurig ondersoek. **2** Krities ondersoek om nuwe feite te ontdek. **navors: ~er**. Eng.: research (-er).

**vaar'dig•heid** s.nw. (vaardighede) **1** Bekwaamheid, handigheid, bedrewenheid: *Tegniese vaardigheid. Vaardigheid in die skryfkuns.* Eng.: skill(-s).

[Uit: *HAT* en *Tweetalige Woordeboek*]

**VRAE:**

1.1 Hoekom het die navorsers Graad 3-leerders getoets? (1)

1.2 Wat was die gemiddelde prestasie van die Graad 3-leerders in 2001? (1)

1.3 Navorsing het gewys dat leerders in 2007 baie goed presteer het. (Paragraaf 2)

1.3.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

1.3.2 Motiveer jou antwoord met EEN SIN uit paragraaf 2. (1)

1.4 Wat het die navorsing oor die invloed van taal vir die navorsers gewys? Noem TWEE dinge. (Paragraaf 2) (2)

1.5 Watter taal praat leerders wat die hoogste gemiddelde persentasie syfervaardigheid het? (1)

1.6 Stem jy saam met die volgende stelling? Motiveer jou antwoord.

Baie min leerders kry meer as 70% vir toetse. (1)

1.7 Watter antwoord voltooi die volgende sin KORREK?
Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter (A – D) neer.

ŉ Leerder sal in Graad 4 suksesvol wees as die leerder ...

A ŉ Afrikataal as ŉ vak neem.
B net leer hoe om korrek te tel.
C in sy/haar huistaal onderrig ontvang.
D in ŉ skool is met te min onderwysers. (1)

1.8 Kies die sinsdeel uit KOLOM B wat pas by die sinsdeel in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.8.1 – 1.8.2) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.8.1 | Dit is ŉ oorsaak vir die lees-, spel- en telprobleem. | A | Daar is te veel onderwysers by skole. |
| 1.8.2 | Dit is ŉ poging om die lees-, spel- en telprobleem op te los. | B | Daar is baie leerders in een klas. |
| | | C | Skole kry meer hulpmiddels soos boeke. |
| | | D | Leerders wat Afrikatale gebruik, kry genoeg hulp. |

(2)

1.9 Volgens paragraaf 5 is dit goed vir kleuters om op die ouderdom van vier jaar reeds skool te gaan. Wat is jou opinie hieroor? (1)

1.10 Hoe kan Graad 12-leerders help om die probleem van te min onderwysers op te los? (1)

1.11 Dink jy dat hierdie lees-, skryf- en telprobleem net in die skole aandag moet kry? Gee jou eie opinie. (1)

1.12 Dink jy die Onderwysdepartement het ŉ positiewe of ŉ negatiewe houding teenoor die navorsing? Motiveer jou antwoord. (1)

1.13 Aan watter projek sal jy graag wil deelneem as jy kinderstories in Sesotho skryf? (1)
**[16]**

**EN**

**VRAAG 2: VAKANSIEPROGRAM**

Lees die onderstaande vakansieprogram en beantwoord die vrae wat volg.

## TEKEN HIERDIE DATUMS IN JOU DAGBOEK AAN!


**1.** SCIFEST AFRICA 3 – 5 April Grahamstad

Kinders gaan dit gate uit geniet by hierdie praktiese wetenskapwerksessies. Kry die registrasievorm op die webwerf.

Koste: Sommige praatjies is gratis, ander kos tussen R8 en R35.
Kontak: www.scifest.org.za of ☎ 046 603 1106.

OP DIE kassie

**2.** KLEIN KAROO NASIONALE KUNSTEFEES: 4 – 11 April in Oudtshoorn



- Daar is musiek-opvoerings in die natuur met die Swart-berge in die agtergrond.
- Jy kan tussendeur op 'n 4×4-uitstappie gaan. Só 'n uitstappie is baie opwindend en kos net R350,00 per voertuig.
- Die organiseerders bied vanjaar 'n spesiale prys vir skoolgroepe aan.

**3.** MATRIKULANTE

Bespreek betyds om 'n *Miss Dayzee*-kombi te huur en gaan van 3 – 10 April op toer al met die Ooskus langs.
☎ 054 333 4323



**4.** DISCOVERY (KANAAL 250)

Stormkrag: Tsoenami's
14 Mei om 12:50

Ontdek die krag van tsoenami's wat na 'n onderwater-aardbewing plaasvind of na 'n modderstorting voorkom.

Alle hoërskoolleerders behoort na hierdie program te kyk.

**5.** VOËLVRY OOR DIE BOOMTOPPE

Spesiale aanbod vir die Aprilvakansie.

Water, lug én bome!
Dis wat Suid-Afrika se nuutste boomtoptoer bied. Gly met 'n reeks van 12 kabels deur die Groot-Letabakloof ... oor watervalle en boomtoppe.

Die uitstappie duur twee en 'n half uur.
Kontak: 083 866 1546



**6.** AFRIKA-POPPE

8 – 10 April
Mapoch Noordwes

Kom leer hoe om 'n Afrika-pop te maak en leer watter rol die poppe in die Ndebele-kultuur speel.

Geen besprekings nodig nie.



[Saamgestel en verwerk uit: *Weg*, Aug. 2006, Feb./Mrt. 2007, Jan./Mrt. 2009 en *Mooiloop*, Sep. 2008]

**VRAE:**

2.1 Watter aktiwiteit sal nie in jou dagboek vir April pas nie? (1)

2.2 Kies die antwoord wat die volgende sin KORREK voltooi.
Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

As jy ʼn aktiwiteit *gate uit geniet* (Aktiwiteit 1), is die aktiwiteit ...

A baie prakties.
B vir kinders bedoel.
C vir jou baie lekker.
D goedkoop. (1)

2.3 Wat doen die organiseerders om skole na die Klein Karoo Nasionale Kunstefees te lok? (1)

2.4 Kies die antwoord wat die volgende sin KORREK voltooi.
Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Jy beplan jou dagboek vir April om twee aktiwiteite in te sluit. Jy kan ...

A Klein Karoo Nasionale Kunstefees toe gaan en ʼn Afrika-pop maak.
B vir praktiese wetenskapwerksessies gaan en na die tsoenami kyk.
C ʼn *Miss Dayzee*-kombi huur en gaan leer om ʼn Afrika-pop te maak.
D oor die boomtoppe gaan gly en op ʼn toer langs die Ooskus gaan. (1)

2.5 Hoe pas die prentjie in Aktiwiteit 5 by die opskrif, **VOËLVRY OOR DIE BOOMTOPPE**? (1)

2.6 Wat is die waarde van ʼn TV-kanaal soos *Discovery* volgens die teks? (1)

2.7 Kies die antwoord wat die volgende sin NIE korrek voltooi NIE. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Die twee tydskrifte, *Weg* en *Mooiloop*, waaruit hierdie aktiwiteite geneem is, is vir mense wat ...

A van avontuur hou.
B nuwe dinge wil leer.
C die buitelewe geniet.
D in dagboeke belangstel. (1)

**[7]**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Lees die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae wat volg.

**IS JY 'N GEBORE SKRYWER?**

Media24

- Wil jy die kuns om te skryf, bemeester?
- Is jy nog nie seker of jy 'n joernalis wil word nie?

# Die Media24-skryfskool wag vir jou!

Ons soek 15 talentvolle leerders wat daaraan dink om in die toekoms joernalistiek te gaan studeer. Leerders moet ten minste 60% in Afrikaans en nog 'n amptelike taal in matriek behaal. Rekenaarvaardigheid is 'n vereiste.

# Leer meer oor die wêreld van joernalistiek in net 10 maande!

(Klasse van Februarie – November 2010)

# Is jy reg vir die uitdaging?

Aansoekvorms by www.media24skryfskool.co.za.
Heg die volgende dokumente by jou voltooide aansoek aan:

- Jou Graad 12-Afrikaansportefeulje
- 'n Gesertifiseerde afskrif van jou matriekuitslae
- 'n Nuwe lang skryfstuk (500 woorde) oor 'n onderwerp van jou keuse

Pos jou aansoek na die volgende adres: Posbus 333, Auckland Park, 2006
Sluitingsdatum: 5 Januarie 2010

[Verwerk uit: *Rapport,* 7 Desember 2008]

**WOORDEBOEKGEBRUIK**

**joer•na•lis•tiek'** ☒ s.nw. **1** Werk van die joernalis; dagbladskrywery. **2** Die hele dagbladwese: *Die joernalistiek as loopbaan kies.* ☒ b.nw. en bw. Van wat betrekking het op die joernalistiek, die joernaliste: *'n Joernalistieke loopbaan.* Eng.: journalism.

**uit'da•ging** s.nw. en bw. **1** Handeling van uit te daag: *Dit is 'n uitdaging om die nuwe skool op te bou*. Eng.: challenge.

[Uit: *HAT* en *Tweetalige Woordeboek*]

**VRAE:**

3.1 Waar kan ŉ matrikulant gaan leer om ŉ joernalis te word? (1)

3.2 Die Media24-skryfskool sal jou voorberei vir ŉ loopbaan in joernalistiek.

3.2.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

3.2.2 Haal uit die teks aan om jou antwoord te bewys. (1)

3.3 Watter tegniese kennis moet die kandidaat hê? (1)

3.4 ŉ Matrikulant het saam met sy/haar aansoekvorm die volgende dokumente gestuur: ŉ portefeulje en ŉ gesertifiseerde afskrif van sy/haar matriekuitslae.

Hoekom sal hierdie aansoek nie oorweeg word nie? (1)

3.5 Waarom is die letters van drie van die sinne in die advertensie groter as in die res van die advertensie? (1)

3.6 Dink jy dat dit ŉ goeie idee is om hierdie kursus te doen? Gee jou opinie. (1)
**[7]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**EN**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 4

- Som die resensie oor die restaurant, *Die Kosmandjie*, in jou eie sinne op.
- Skryf VIER positiewe en DRIE negatiewe dinge puntsgewys in volsinne soos volg neer:

| PLUSPUNTE (Positiewe dinge) | KRITIEK (Negatiewe dinge) |
|---|---|
| | |

- Laat ŉ reël tussen die sinne oop.
- Jou opsomming moet nie langer as 70 woorde wees nie.
- Skryf die KORREKTE getal woorde van jou opsomming aan die einde neer.

# DIE KOSMANDJIE nie verniet gewild nie

1 Toe ons by die restaurant inloop, het ons nie geweet wat om te verwag nie. Die bestuurder het ons na ons tafel geneem. Net daarna het die kelnerin, Khanyi, ons bestelling vir drankies geneem.

2 Ek en my metgesel, James, het dit geniet om na die plek en die mense te kyk. Die bestuurder het heeltyd tussen die tafels rondbeweeg en met die klante gesels.

3 Khanyi het ons genoeg tyd gegee om te besluit wat ons gaan bestel. Ek het geroosterde lamsvleis met skyfies bestel en James het ŉ *Steak Diane* (ŉ 300 g-porsie biefstuk met sous bo-oor) met skyfies bestel.

4 Gewoonlik kan ŉ mens by enige restaurant terugsit, die atmosfeer waardeer en na rustige musiek luister terwyl jy vir jou kos wag. Daar was hier net een probleem. Die musiek was só sag dat ek my ore moes spits om te hoor.

5 Toe Khanyi ons kos bring, kon ek nie glo hoe smaaklik en heerlik dit lyk nie! Ek het dadelik begin eet, maar iets het my gepla: die lamsvleis het vir my na wildsvleis geproe. Dit was steeds van die lekkerste vleis wat ek nog geëet het. Sag en sappig, maar dit was definitief nie lamsvleis nie!

6 Khanyi het te lank geneem om weer te kom hoor of ons drankies nog reg was, maar ons tafel was nie die enigste tafel om te bedien nie. Die plek was werklik baie besig.

7 Ek dink tog *Die Kosmandjie*, met die reuse-oseaan teen die agtergrond, is die moeite werd om te besoek.

[Uit: *Die Burger*, 7 November 2007]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**EN**


Kopiereg voorbehou 

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 5: WOORDSTRUKTURE**

Voltooi die sinne in die linkerkantste kolom met behulp van die leidrade in die regterkantste kolom. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte antwoord in jou ANTWOORDEBOEK neer.

# Lekka, lekka ywe!



| | |
|---|---|
| Meer as 30 jaar gelede het Eustace Rademeyer hier langs Willowdam met sy groente gesit. Toe was dit nie wettig nie, want mense kon nie met hulle (5.1 groentewa) op enige plek stop nie. | 5.1 Gee die meervoud. |
| As ŉ lid van die (5.2 Suid-Afrikaanse Polisie-diens) by Eustace gestop het, het hy vinnig | 5.2 Gee die afkorting. |
| (5.3 verskoon) gemaak. Dan het Eustace net gesê hy eet gou voordat hy verder ry! | 5.3 Gee die korrekte vorm van die woord. |
| Deesdae pak hy vroegoggend sy groente uit op die bak van sy blou vragmotor en dan is hy (5.4 reg) vir die dag. Hy is voor sewe soggens by die mark, daarom is sy vrugte en groente die | 5.4 Gee ŉ sinoniem. |
| (5.5 vars) wat jy kan kry. | 5.5 Gee die oortreffende trap. |
| Sy liefde vir groente kom uit sy (5.6 kind + dae). | 5.6 Gee die samestelling. |
| Sy pa was ŉ (5.7 persoon wat groente verkoop) en smiddae het Eustace sy pa gehelp. Vandag | 5.7 Gee EEN woord. |
| help sy (5.8 skoonsuster) hom as daar ŉ krisis is. | 5.8 Gee die manlike vorm. |

| | |
|---|---|
| Saans koop die (5.9 eerste) mense nog groente by hom voordat hulle (5.10 moeg) van die werk af huis toe gaan. Eustace weet dat hy baie beteken vir sy klante. (5.11 Sê/Se) nou die mans moet vir hulle vrouens 'n (5.12 sak) aartappels koop op pad huis toe en ek is nie hier nie? Vir hulle is ek 'n regte (5.13 lewe + red). | 5.9 Gee die antoniem.<br>5.10 Gee die intensiewe vorm.<br>5.11 Kies die korrekte spelling.<br>5.12 Gebruik die woord in 'n kort sinnetjie sodat dit 'n ander betekenis het.<br>5.13 Gee die korrekte vorm in EEN woord. |
| Hy (5.14 verken/erken/herken) egter dat die laat aande in die winter baie koud kan wees. | 5.14 Kies die korrekte woord. |
| (5.15) **her·ken'** ww. **1** Weer ken; eien: *Na baie jare kon ek my ou vriend nog herken*. **2** Identifiseer, uitken: *Ek het die inbreker dadelik herken.* | 5.15 Skryf die woord "herken" in jou ANTWOORDEBOEK neer en onderstreep die lettergreep wat die klem dra. Gebruik die uittreksel uit die HAT om jou te help. |
| Party dae waai daar 'n baie (5.16 ysig) wind by die dam. Daarom trek Eustace baie klere aan om warm te bly. Die (5.17 vriendelikheid) van sy klante gee hom ook 'n lekker warm gevoel, sê Eustace. | 5.16 Gee die korrekte vorm van die woord.<br>5.17 Gee die basisvorm/stam van die woord. |
| En as die dae te lank word vir hom, troos hy homself met 'n lekker sagte peertjie of 'n klein (5.18 piesang). | 5.18 Gee die verkleining.<br>[Verwerk uit: *Die Burger*, 29 Julie 2008] |

**[18]**

**EN**

**VRAAG 6: SINSTRUKTURE**

Voltooi die volgende berig deur die instruksies in die regterkolom uit te voer. Skryf die vraagnommers en die VOLLEDIGE sinne in jou ANTWOORDEBOEK neer.

# REDES VIR DIE MISBRUIK VAN ALKOHOL

Daar is baie redes waarom tieners alkohol misbruik. Dit is goed om van hierdie redes te weet sodat ons die misbruik van alkohol kan keer.

| | | |
|---|---|---|
| (6.1) Die lewe is vir baie tieners moeilik. Alkohol word 'n troosmiddel. | 6.1 Verbind die twee sinne met die voegwoord **daarom**. | (1) |
| (6.2) Tieners het iets wat 'n uitlaatklep vir hulle frustrasies is. | 6.2 Skryf die sin in die ontkennende vorm. | (1) |
| (6.3) Hulle sê dat drank hulle hartseer kan wegneem. | 6.3 Skryf in die direkte rede. | (1) |
| (6.4) Alkohol is 'n groot gevaar vir 'n verveelde tiener. | 6.4 Skryf in die toekomende tyd. | (1) |
| (6.5) Tieners gebruik alkohol en raak ontslae van negatiewe gevoelens. | 6.5 Skryf die sin oor en begin met: **Tieners gebruik alkohol om** ... | (1) |
| (6.6) <u>Negatiewe gevoelens</u> keer na 'n paar uur weer terug. | 6.6 Formuleer 'n vraagsin waarvan die onderstreepte gedeelte die antwoord is. | (1) |
| (6.7) Tieners drink (in raveklubs/baie naweke/sonder toestemming). | 6.7 Skryf die sin oor met die korrekte woordorde. | (1) |
| (6.8) Navorsers sê: "Baie tieners drink alkohol uit frustrasie." | 6.8 Skryf in die indirekte rede. | (2) |
| (6.9) Selfbeeldprobleme veroorsaak alkoholmisbruik. | 6.9 Skryf in die passief/lydende vorm. | (1) |
| 'n Gebrek (6.10 aan/van) inligting lei tot alkoholmisbruik. | 6.10 Kies die korrekte voorsetsel. | (1) |
| (6.11) Min ouers verstaan hulle kinders. | 6.11 Skryf in die verlede tyd. | (1) |
| (6.12) Swak kommunikasie tussen ouer en kind was 'n probleem. | 6.12 Skryf in die teenwoordige tyd. | (1) |
| (6.13) Tieners moet met hulle ouers praat. | 6.13 Skryf die sin oor as 'n bevelsin. | (1) |
| Die navorsers sê ook dat party tieners probeer wegkom van hulle (6.14 verslaafde/verslawende) gewoontes. | 6.14 Kies die korrekte woord tussen hakies. | (1) |
| (6.15) daagliks/ouers en kinders/gesels oor hulle probleme | 6.15 Gebruik die sinsdele in die regte volgorde en vorm 'n stelsin. | (1) |
| (6.16) Die redes vir alkoholmisbruik is deur navorsing uitgewys. | 6.16 Skryf in die aktief/bedrywende vorm.<br>[Verwerk uit: *Die Burger*, 29 Julie 2008] | (1) |

**[17]**

**EN**

## VRAAG 7: KRITIESE TAALBEWUSTHEID

7.1 Kyk na die volgende prentjie en beantwoord die vraag wat volg.



[Uit: *Die Burger*, 9 Augustus 2004]

Hoekom verbreek hierdie prent die stereotipering oor mans? (1)

7.2 Lees die boekresensie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### Nuus uit Afrika

Anderkant Timboektoe
deur Liesl Louw

1 In hierdie boek neem Liesl Louw jou op ŉ reis deur verskeie lande in Wes-Afrika. Die leser stap saam op sypaadjies in Dakar en gaan drink saam met die elite in Senegal tee. Jy slaap oor in ŉ pragtige, groot huis by inwoners in Togo terwyl die bure in kleihuise woon.

2 Liesl neem jou op reis met jou sintuie. "Watter reuk het Wes-Afrika, dié plek van armoede en oorlog? As ek aan Dakar of Bamako of Lomé dink, ruik ek ŉ gemengde soet reuk van sweet, van vis, van goedkoop parfuum, van ouderdom en stof."

3 As jy hierdie vakansie met Jan Tuisbly se karretjie ry, is R130 beslis nie te veel om saam met Liesl deur Afrika te reis nie. Dié boek is ŉ móét vir die leser wat van avontuur hou.

[Verwerk uit: *Weg*, Oktober 2008]

**VRAE:**

7.2.1 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies:

Die resensie oor hierdie boek is (negatief/positief). (1)

7.2.2 Drie van die volgende antwoorde voltooi die volgende sin KORREK.
Watter antwoord is NIE korrek NIE?
Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter (A – D) neer.

Om **met jou sintuie op reis** te gaan (paragraaf 2), beteken dat jy die ...

A plekke in jou gedagtes kan sien.
B armoede en oorlog persoonlik beleef.
C lande in Wes-Afrika fisies kan besoek.
D sweet, vis en goedkoop parfuum kan ruik. (1)

7.2.3 Gee die denotatiewe/letterlike betekenis van die onderstreepte woorde.

As jy dus hierdie vakansie <u>met Jan Tuisbly se karretjie ry</u> ... (Paragraaf 3) (1)

7.2.4 Gee EEN WOORD (paragraaf 3) wat die leser manipuleer om die boek te koop. (1)
**[5]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou